

BEKOORLIKE KLOSKANT

Deur die eeue heen is daar
gemoor, geplunder en be-
drieg om handgemaakte kant-
te bekom. Nou kan jy met ons
maklike aanwysings leer om
self 'n paar erfstukke te
maak. Ons reeks bestaan
uit ses lesse, waarvan die
eerste in dié uitgawe verskyn

deur LIZETTE JONKER

ELKE jong meisie wil eendag in 'n droomrok van meters en meters sensuele satyn en skuimende kant voor die kansel staan.

Haar ondergoedjies, wat sy met sorg uitgekies het, is van ragfyn kant, asook haar wasige sluier en elegante handskoene.

Deur die eeue heen was alle bruide se drome so te sê dieselfde – maar almal se drome is nie altyd so maklik bewaarheid nie. Die kant wat so onlosmaaklik deel van 'n bruid se uitrusting vorm, kan vandag oor die toonbank teen 'n billike prys gekoop word, want dit is nie pynlik stadig met die hand gemaak nie. Dit was egter nie altyd die geval nie.

Handgemaakte kant word al eeue lank as net so kosbaar as goud, silwer en edelgesteentes beskou. Dit was 'n onmiskenbare simbool van rykdom; mense het soms verstommende dinge aangevang om dié kosbare handgemaakte kleinode in die hande te kry.

Handgemaakte kant het sy oorsprong waarskynlik al in die Bybelse tyd gehad, toe vis gevang is met nette wat met die hand geknoop is. Dit is weliswaar ver verwyder van die spinnerakagtige kant met uiters ingewikkelde patrone wat ons vandag ken, maar dit is glo waar die basiese metode ontstaan het.

Handgemaakte kant is in die ou Egiptiese grafkelders gevind, maar dit is eers in die vyftiende eeu dat kant, soos ons dit vandag ken, vir die eerste keer gemaak is.

Vlaandere en Italië stry steeds oor wie van hulle nou eintlik die fyn kuns van kantmakery ontwikkel het – albei het glo klinkklare bewyse dat hy die voortou geneem het. Maar wat meer saak maak, is die feit dat kant baie gou 'n gesogte statussimbool geword het.

Die armes het die kant in haglike omstandighede gemaak en die rykes het dit gedra. 'n Kantmaker kon dit nooit bekostig om kant te dra nie... en buitentien het die sosiale reëls dit verbied! Die hoeveelheid en soort kant wat 'n mens gedra het, het dadelik verklap aan watter sosiale stand jy behoort.

In die vorige eeue – net soos in ou Egipte – was dit gebruikelik om 'n oorledene saam met sy kosbaarste besittings te begrawe, wat beteken het dat hy in sy beste uitrusting in sy kis gelê het. Dit was ondenkbaar dat 'n dooie sonder sy mooiste kantkraag en ander kantversiersels begrawe kon word. Hierdie gebruik het in Griekeland tot grafskending gelei. In die negentiende eeu het die Grieke eeue-oue kant uit grafte gasteel om aan Britse offisiere teen yslike bedrae te verkansel. Dié kant was swart van vuilheid en ook glad nie te welriekend nie – maar dié eienskappe het juis die waarde daarvan verhoog omdat dit ál bewys van egtheid was!



Foto 1



Foto 3




Foto 5




Foto 7

Selfs struikrowers wat ter dood veroordeel is, het daarop aangedring om op hul beste te vertoon op pad galg toe, want daar was gewoonlik vreeslik baie toeskouers. 'n Struikrower se grootste ambisie was om in kant opgehang te word...

In die sewentiende en agttiende eeu in Brittanje is daar deur middel van wetgewing probeer om die mense van sulke "sondige" ydelhede te laat afsien, maar tevergeefs. Dit het die mense baie opstandig gemaak en hulle het eenvoudig voortgegaan om fortune in handgemaakte kant saam graf toe te neem. Dit was veral hoog mode dat vroue in hul bruidsklere begrawe word.

Dit was juis streng wetgewing in Brittanje in die agttiende eeu wat veroor-



Foto 2




Foto 4




Foto 6



Foto 8

saak het dat kantsmokkelary ongehoorde afmetings begin aanneem het. Die Engelse kantmakers, wat 'n kenmerkende styl gehad het, het opgemerk dat al hoe meer kant aan klere van vreemde oorsprong was. Na die invoer van kant verbied is, het die rykes kant vanuit ander lande ingesmokkel. Die vindingrykste metodes is gebruik, want die koning se amptenare was uitgeslape.

Dit was nie vreemd om kant in doodskiste – met of sonder 'n lyk – van Europa af in te smokkel nie. Eenkeer is die lyk van die afgestorwene selfs verwyder en deur kant vervang – net die kop, arms en bene het gebly... Doeanebeamptes het die lyke naderhand deeglik ondersoek! Die ergste was dat die

hartseer familieleden dit nie kon waag om die kis voor die begrafnis oop te maak nie en die graf daarna moes gaan oopgrawe.

Die Franse het die ongelooflike en wrede plan bedink – en uitgevoer – om honde vir kantsmokkelary in te span. 'n Fransman het 'n hond vetgevoer en baie lief vir hom gemaak en hom dan oor die grens na iemand in België gestuur. Laasgenoemde het die hond dan laat verhonger en verwaarloos, waarna hy meters kant om sy maer lyf gedraai het, 'n groot hondevel oor hom getrek en vasgewerk het en hom dan oor die grens na sy oorspronklike baas gejaag het. Duisende honde het só omgekóm.

Met die koms van masjiene het die romantiek van handgemaakte kant

grotendeels vergete geraak. Dié fyn kuns het byna heeltemal uitgesterf tot dit onlangs 'n skielike opbloei beleef het. Behalwe dat die beoefening van dié kuns goeie ontspanning en so-doende terapie is, put 'n mens onmeetbare bevrediging daaruit.

MEVV. Ine Meereboer en Marie Potgieter is gesoute kloskantmakers wat 'n reeks lesse vir *ROOI ROSE*-lesers saamgestel het. Dit word in ses uitgawes aangebied. Hoewel alle aanwysings deeglik en suksesvol getoets is – dit is gevolg deur iemand wat nooit voorheen kloskant gemaak het nie – kan *ROOI ROSE* ongelukkig geen verantwoordelikheid vir die korrektheid

daarvan aanvaar nie. Alle navrae moet asseblief gerig word aan Mev. Ine Meereboer, Dovestraat 33, Horison Park, Roodepoort, 1724 (tel. nr. (011) 763-3175) of aan Mev. Marie Potgieter, Kilburnstraat 105, Horison, Roodepoort, 1724 (tel. nr. (011) 760-1429). Dié twee dames sal ook kloskantlesse aan enigiemand gee wat graag meer oor dié fyn kuns wil leer.

LES 1 BENODIGDHEDE

KUSSING: Kloskant word altyd op 'n kussing gemaak. 'n Tydelike kussing van polistireen is voldoende vir 'n beginner. Gebruik 'n stuk polistireen van 45 cm by 45 cm wat 7,5 cm dik is. Trek dit styf met donkerblou of donkergroen katoen oor – dié kleure is "rustig" en help 'n mens om die fyn garedraadjes raak te sien.

DEKLAP: Soom twee vierkantige stukke katoen, ongeveer 50 cm by 50 cm, netjies om. Gebruik weer donkerblou of -groen. Die een deklap word tussen die patroon en die garedraadjes ingeskuif – sodoende kan die patroon makliker gevolg word en die drade netjieser gehou word. Die ander deklap word tussen werksessies bo-oor die werk gegooi.

PATROON: Maak 'n fotostatiese afdruk van die patroon en plak dit op 'n stukkie dun karton. Gebruik dié versterkte patroon om die kopspele in korrekte posisies te steek – die patroon lê altyd tussen die kussing en die garedraadjes. Die kopspele word dwarsdeur die patroon gedruk.

GARE: Gebruik enige katoenhekelgare vir die maak van kloskant. Beginners kan gare nr. 8 of 20 gebruik.

KLOSSIES: 'n Klossie is 'n pennetjie van hout, plastiek, metaal, ivoor of selfs porselein waarom die gare opgedraai word. Beginners kan gerus halwe houtwasgoedpennetjies gebruik. Klossies is by naaldwerkwinkels beskikbaar en kan ekstra gewig gegee word deur ringetjies van krale agteraan vas te heg. Gebruik minstens 40 klossies (20 pare) vir die beginnerslesse.

KOPSELDE: Gebruik lang, dun kopspele van vlekvrystaal.

BELANGRIK

● Daar word met vier klossies (twee pare) op 'n slag gewerk. Neem een paar klossies in elke hand – 'n klossie tussen die duim en die wysvinger en 'n klossie tussen die wysvinger en die middelvinger. Nommer die vier klossies waarmee jy op enige tydstip werk van links na regs van nr. 1 tot 4.

● Sorg dat al die garedraadjes te alle tye styf getrek is en dat al die klossies gelyk hang – die gare op die klossies word afgerol namate jy met die patroon vorder.

● Indien jy 'n fout begaan, trek die

Só lyk die oefenstuk wanneer dit klaar is.

Foto 9




Foto 11




Foto 13



Foto 15




Foto 10




Foto 12





Foto 14



BEKOORLIKE KLOSKANT

kopspelede een vir een van onder af uit. Omdat kloskant volgens weefmetodes gemaak word, is dit belangrik dat die kopspelede nie uitgetrek word voor die werk voltooi is nie, tensy dit 'n baie lang patroon is en jy die kopspelede reg aan die bokant verwyder.

In die eerste les word verduidelik hoe om die gare om die klossies te draai, die klossies te hanteer en die basiese steek van torchonkant, linnesteek, te maak. Die resultaat sal net 'n oefenstuk wees. Van les twee af, wat in die volgende uitgawe van *ROOI ROSE* verskyn, sal die resultaat van jou harde werk meer opwindend lyk. Intussen moet jy die linnesteek gereeld oefen tot jy dit kan doen sonder om die patroon te volg.

Gaan só te werk om die gare om 'n paar klossies te draai:

STAP 1: Neem 1 m wit gare (daar is altesaam agt stukke wit gare van 1 m nodig vir les een, asook een stuk van 4 m rooi gare) en merk die middelpunt met 'n skuifspeld. Aan die punt van elke helfte van die gare word 'n klossie vasgeheg. Draai eers die een punt van die gare om een klossie – draai die gare om die klossie tot amper by die middel

van die gare.

STAP 2: Maak 'n lus in die gare om die een klossie soos op foto 1 tot 4 aangedui.

STAP 3: Draai die ander punt van die gare om 'n ander klossie (foto 5) en maak 'n lus in die gare soos aangedui op foto 1 tot 4.

STAP 4: Verwyder die skuifspeld.

STAP 5: Steek die patroon by al vier sy hoeke met kopspelede aan die kus-sing vas. Steek ook 'n kopspelede op elke kolletjie bo-aan die patroon – van punt A tot by punt H – vas. Laat die kopspelede effens na agter leun.

STAP 6: Plaas die deklap oor die onderste helfte van die patroon. Die klossies moet op die deklap lê terwyl daar met hulle gewerk word. Hang nou elke paar klossies, waarom 1 m wit gare gedraai is, om 'n kopspelede. Hierdie agt pare klossies word die passiewe pare genoem. Die paar klossies waarop 4 m rooi gare gedraai is, word laastens bo-oor die wit gare by kopspelede A gehang. Hierdie paar klossies word die weefpaar genoem, omdat dit deur die ander pare geweef gaan word. Die weefpaar hang heel links en is slegs vir die doel van hierdie les rooi.

STAP 7: Soos voorheen genoem is, word daar met twee pare klossies op 'n slag gewerk – die weefpaar (rooi) en een passiewe paar, waardeur die weefpaar geweef word (foto 6). Telkens word die vier klossies waarmee op

enige tydstop gewerk word, van 1 tot 4 genommer. Elkeen van die vier klossies se nommer verander telkens wanneer dit van posisie verander. Die klossies behou dus nie hulle nommers nie. Skei die eerste vier klossies effens van die res sodat jy nie deurmekaar raak nie (foto 6).

Volg die volgende stappe om die linnesteek te maak, wat ook gebruik sal word om die weefpaar deur al die passiewe pare te weef:

STAP 8: Begin altyd met die tweede klossie van links – nr. 2. Neem klossie 2 in die linkerhand en plaas dit na regs oor klossie 3 – dié beweging staan as "kruis" bekend (foto 7).


STAP 9: Neem nou klossie 2 en 4 (die wit drade) gelyktydig, een in elke hand, en plaas dit bo-oor klossies 1 en 3 na links (foto 8). Klossie 2 het nou klossie 1 gekruis en klossie 4 het klossie 3 gekruis. Dié beweging word "draai" genoem.

STAP 10: Neem klossie 2 (die linkerkantste rooi draad) in die linkerhand (foto 9) en plaas dit bo-oor klossie 3 (die regterkantste wit draad). Dit was weer eens 'n kruisbeweging.

Stappe 8 tot 10 beskryf die linnesteek.

STAP 11: Skuif klossie 1 en 2 (wit drade – passiewe paar) heeltemal na links. Die rooi weefpaar is nou weer klossie 1 en 2 en die volgende passiewe paar wat jy kan nader trek, is nou

Hier's 'n swamteenmiddel wat taai ge



1% Tolnaftaat

Oplossing Aansoeknr. G2342 (Wet 101/1965). Reem Verw. nr. G2330 (Wet 101/1965), Poeier Reg. Nr. P/14.9.2/62.

Jcheraz (Edms) Bpk, Electronlaan 54, Isando, Tvl, R.S.A.

klossie 3 en 4 (foto 10). Voer nou weer die linnesteek uit. Herhaal tot die weefpaar dwarsdeur die eerste ry passiewe pare geweef is (foto 11). Die weefpaar is nou aan die regterkant van die werk by punt 1.

STAP 12: Draai die weefpaar se klossies twee keer om mekaar – regterklossie oor linkerklossie. Hou die weefpaar in jou regterhand vas, trek die rooi drade effens boontoe en druk 'n kopseld deur die patroon op punt 1 (foto 12). Die kopseld moet effens agteroor leun en die rooi drade moet aan die bokant van die kopseld wees. Terwyl jy die weefpaar in jou regterhand vashou, trek die klossies van die passiewe pare styf sodat die drade reguit

hang.


Die weefpaar moet nou weer terug deur die passiewe pare na punt 2 toe geweef word. Die linnesteek word nie omgedraai nie, maar word in dieselfde volgorde gedoen terwyl die klossies se nommers ook telkens van links na regs nr. 1 tot 4 is.

STAP 13: Trek die regterkantste vier klossies effens weg van die ander. Die passiewe paar is klossies 1 en 2 en die weefpaar is klossies 3 en 4. Maak die linnesteek net soos voorheen: 2 oor 3 (kruis) (foto 13), 2 oor 1 en 4 oor 3 – gelyktydig (draai) (foto 14), 2 oor 3 (kruis) (foto 15). Skuif die passiewe paar (nou nommer drie en vier) na regs en trek die volgende passiewe paar

nader.

STAP 14: Gaan so voort tot die rooi weefpaar deur die passiewe pare tot by punt 2 geweef is. Draai nou weer die klossies van die weefpaar twee keer om mekaar (regs oor links), lig die weefpaar effens boontoe met die linkerhand en druk 'n kopseld deur die patroon op punt 2. Die kopseld moet skuins na agter leun en die weefpaar moet bokant die kopseld wees. Trek weer al die drade een vir een styf.

Herhaal dié prosedure; steek telkens kopselde op die verskillende punte in. Om af te eindig, knoop elke paar twee keer en knip die drade 'n paar sentimeter onder die knope af. **TREK NOU EERS DIE SPELDE UIT.**



oeg is om die gevegstreke aan te pak.

Elke aktiewe persoon is vatbaar vir die aanval van swaminfeksie – veral in plekke soos stortbaddens, gimnasiums, ens.

Wanneer die stryd teen voetskimmel gevoer word, is daar een wapen waarop u kan staatmaak – Tinaderm® omdat Tinaderm® die taai behandeling met 'n swamdodende effek is wat werklik die swam vernietig! En, met Tinaderm® poeier is u voorbereid want dit bied doeltreffende beskerming teen voetskimmel.

Slegs by jou apteek beskikbaar in 'n oplossing, room en poeier.

Bestry voetskimmel met

TINADERM®
Die taai behandeling

